

JSE
IS **GENOTEERDE**
EIENDOM REG OM
WEER TE BLINK?

BELEGGING
SCHALK LOUW KIES
20 AANDELE MET
GROOT WAARDE



AANDELEMENINGSOOR:
VODACOM
AMPLATS
MASSMART

AFRIKAANSE UITGAWE

NETWERK24

VIND ONS BY:
netwerk24.com/finweek


finweek

7 Februarie - 20 Februarie 2019

ELKE TWEE WEKE

TAKSVRYE BESPARING:

HOE OM DIE REGTE
BELEGGING TE KIES



9 770256 470001

BYLAAG: 'N FOKUS OP LOGISTIEK IN AFRIKA

KING JAMESI 2038/A

Allan Gray is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste.



Ware belonings neem tyd.

ALLAN GRAY
LANGTERMYNBELEGGING

Die afgelope 44 jaar, het ons toewyding aan langtermyn welvaartskepping vir ons kliënte nooit gewankel nie.
Om meer uit te vind, skakel Allan Gray by 0860 000 654 of jou finansiële adviseur of besoek www.allangray.co.za

Die redakteur sê

ANNELI GROENEWALD



Is dit hoe belangrik, is ek moeg om oral te lees wat elke Jan Rap en sy maat oor Bosasa sê. Kan ons nie ophou praat en begin doen nie? Als goed en wel, dink die leser dalk. Maar hoe begin ons "doen"?

Ek dink ek het 'n goeie voorbeeld.

In my grootworddorp was ons rekeningkunde-onderwyser, meneer Du Plessis, 'n taamlike legende (hy is dit nog). Hy is 'n stil, nederige man, en het altyd redelik onopgemerk sy gang gegaan. Lesers wat so 20 jaar ouer as ek is, sal sy bynaam veral waardeer: "Die Skim".

Naas rekeningkunde het hy ook tik gegee – seker twee van die nuttigste vaardighede wat mens kan hê. Hy was destyds (nou al 20 jaar gelede) reeds gedeeltelik afgetree en het sowat drie dekades voorheen ook vir my ma rekeningkunde gegee.

Op sy stil manier kon Die Skim kinders wat nie hul huiswerk gedoen het nie (of slordige werk ingehandig het), laat bloos van skaamte. Geen straf nie, geen kwaai woorde nie; bloot sigbare teleurstelling aan die manier waarop hy 'n halwe suggie sou gee voordat hy jou boek teken.

Hy het destyds pas sy doktorsgraad voltooi – ek kan nie onthou presies waarom nie, maar ek dink die onderwerp was iets in opvoedkunde. Omdat hy iemand was wat nie sommer oor sy eie prestasies gepraat het nie, het hy vir ons bloot "Die Skim", of meneer Du Plessis, gebly.

Op 'n dag, so teen die einde van ons matriekjaar, het hy 'n vraag vir die klas gehad. Ek kan nie onthou hoe groot ons rekeningkundeklas was nie, maar ons kon nie juis veel meer as 25 gewees het nie. 'n Groot klomp uit ons klas het die volgende jaar in rekeningkunde gaan studeer en later suksesvolle loopbane gevolg.

Hy het geaarsel – hy het dikwels geaarsel – en toe gevra dat dié wat "presies weet wat hulle eendag wil word" hul hande moet opsteek. Met skrikwekkende oortuiging (vir 'n groep 17- en 18-jariges) het 'n hele klomp gretig handopgesteek.

"Dankie," het hy vir die gretiges gesê, "maar vandag praat ek nie met julle nie. Ek praat met dié wat nog nie weet wat hulle wil word nie. Moenie bekommerd wees nie. Ek is 65 en ek weet nog nie wat ek eendag wil word nie."

Miskien het iemand toe pas werk ingehandig wat só teleurstellend was dat dit hom laat twyfel het in al sy lewenskeuses. Miskien kon hy regtig nooit uitpluis wat hy wou word nie. Maar nietemin het Die Skim elke dag skool toe gegaan, en letterlik oor geslagte heen vir die kinders van dié klein dorpie 'n basiese kennis van rekeningkunde in hul koppe gekry.

"Doen", dink ek, is om elke dag op te staan en werk toe te gaan, en toegewyd aan te hou werk om die taak voor hande gedoen te kry. En om dit met trots te doen.

Het Die Skim (ondanks sy eie onsekerhede) dit nie gedoen nie, was die loopbaan-keuses vir my en talle ander Bredasdorpers baie meer beperk. ■

* As jy dié uitgawe van *finweek* in drukweergawe lees, moet tog nie die boekie (wat saam met die tydskrif verpak is) oor logistiek in Afrika misloop nie. Maak ook seker jy lees die volgende uitgawe van *finweek*, wat 'n soortgelyke bedryfsfokus op die eiendomsektor sal hê.

inhoud

Mening

- 4 Skuld: Boos of bemagtigend?
- 6 'Bosasa-gate' se ware rimpel-effek

Kortliks

- 8 Nuus in syfers
- 10 Tendens: Finansiële dienste vir almal
- 11 Mynbou: Wanneer sakeredding nie in die gees van wetgewing is nie
- 12 Maak Suid-Afrika se mynbou weer aantreklik

Markplek

- 14 **Eie mening:** Massmart, Vodacom
- 15 **Woekeerwys:** Amplats, Sappi
- 16 **Markte:** Genoteerde eiendom begin beter lyk
- 17 **Selfdoen:** Wanneer prysbepalingsmag afneem
- 18 **Simon sê:** Ascendis Health, AVI, Avior Capital Markets, Coronation, JSE, MultiChoice, kleinhandelsektor, Shoprite Holdings, Woolworths
- 20 **Beleggings:** Is tegniese ontleding te gewild?
- 21 **Verhandeling 101:** Moet nooit teen die neiging verhandel nie

Voorblad

- 22 **Belastingvrye spaar:** Hoe om 'n belastingslim spaarder te wees.

Kolskoot

- 38 **Entrepreneur:** Slaan munt uit "vergete" kostbestanddele
- 40 **Motors:** Dié mediumgrootte premiumsportnutsvoertuig is piekfyn
- 43 **Tegnologie:** In die digitale duister
- 44 **Loopbane:** Hoe om 'n etiese kultuur in die werkplek te (her)bou
- 45 Vasvra en blokraaisel
- 46 Duwweeltjie



REDAKSIONEEL & VERKOPE

NAVRAE

Redakteur Anneli Groenewald **Medewerkers** Simon Brown, Johan Fourie, Moxima Gama, Lloyd Gedye, Glenneis Kriel, Schalk Louw, David McKay, Maarten Mittner, Andile Ntingi, Petri Redelinghuys, Melusi Tshabalala, Amanda Visser, Glenda Williams **Subredakteurs** Hannes Beyers, Maarten Roos **Redaksioneel assistent** Thato Marolen **Uitleg** David Kyslinger, Karabo Lerumo, Beku Mbotoli **Advertensieverkope** Paul Goddard 082 650 9231/paul@fivetwelve.co.za **Clive Kotze** 082 335 4957/clive@mediamatic.co.za **Tanya Finch** 082 961 9429/tanya@fivetwelve.co.za **Uitgewer** Sandra Ladas sandra.ladas@newmedia.co.za **Hoofbestuurder** Dev Naidoo **Produksie** Angela Silver angela.silver@newmedia.co.za, Pam Moodley pam.moodley@newmedia.co.za

INTEKENARE
087 740 1019
subs@finweek.co.za

Faks
086 457 5918

WINKELS
0861-888-989
hulp@onthedot.co.za

Besoek ons by:



@finweek



finweek



finweekmagazine

FINWEEK ONDESKRYF DIE SUID-AFRIKAANSE PERSEKOE, WAT ONS VERBIND TOT JOURNALISTIEK WAT WAAR, AKKURAAIT, REGERING EN GEBALANSEERD IS. AS JY MEEN ONS KOM NIE DIE KODE NA NIE, KONTAK DIE PERSOONLIJKE BY 011-484-3612 OF BY ombudsman@presscouncil.org.za © FINWEEK 2011 ALLE REGTE VOORBEHOU. NAVRAE OOR DIE GEBRUIK VAN MATERIAAL: ARGIEF 021-406-3232

Uitgegee deur New Media, 'n afdeling van Media24 (Edms.) Bpk. Johannesburg-kantoor: Grandverdieping, Mediapark, Kingsway 69, Auckland Park 2092
Posadres: Posbus 784698, Sandton, Johannesburg 2146 Tel: +27 (0)11 713 9601 **Hoofkantoor:** New Media House, Breestraat 19, Kaapstad 8001 **Posadres:** Posbus 440, Groenpunt, Kaapstad 8051 Tel: +27 (0)21 417 1111 **Faks:** +27 (0)21 417 1112 **E-pos:** newmedia@newmedia.co.za
Gedruk deur Paarl Media en versprei deur On The Dot. Webwerf: www.network24/finweek.com Oorsese intekenare: +27 21 405 1905/7

